nuusbrokkies

WITZENBERG APD soek na vrywilligers wat bereid is om fasiliteerders te wees by die **Pro--tective werkswinkels** wat aangebied word in Bella Vista, Ceres, Nduli en Hamlet. Indien enigiemand belangstel, kan hulle **(023) 312-3935 skakel** of die kantore besoek by Lyell-straat 31, Ceres.

WITZENBERG primêr op Wolseley bied op **2 Desember** hul jaarlikse potjiekoskompetisie aan op die skoolgronde. Die kompetisie begin vanaf 12:00 en toegang is gratis. Daar sal ook groot pryse te wen wees. Kosbakkies is te koop teen R20 per bakkie. Daar sal ook lekker musiek, karaoke, 'n springkasteel, vierwiel motorfietse, 'n veiling, trekkerritte en sokkerwedstryde aangebied word. Vir enige navrae skakel **(023) 231-0138**.

NA vele versoeke van ouers om wiskunde ekstra klasse aan te bied, ondersoek Glenville Nasson so 'n moontlikheid. Vir navrae skakel **084-582-0046**.

CANSA Relay For Life Witzenberg vind plaas op **10-11 Februarie 2018** by Laerskool F.D. Conradie se velde. CANSA Relay For Life Witzenberg spankapteinvergadering vind plaas op **Maandag 20 November** om 18:00 by die F.D. Conradie sportveld in P.A. Hamlet. Spankapteine kan hul spanlede saambring en natuurlik is ou en nuwe spanne ook welkom om weer in te skryf. Vir navrae skakel Colette Gatyene by **078-7803-991** of Ann Koopman by **082-8215-009.**

DELICIOUS rugbyklub se algemene jaarvergadering vind plaas op **17 November** om 18:30 in die Rietvallei biblioteek.

LIONS pre-primêr se inskrywings vir 2018 is nou oop. Inskrywings vir babas en kinders tot en met die ouderdom van 6 jaar oud kan ingeskryf word. Vir navrae skakel **(023) 312-2425** of stuur epos na lionsprepremer@telkomsa.net

DIE 1997 matriekklas van Ceres Sekondêr beplan 'n reünie op **25 November**. Vir navrae skakel Getruida (Pop) Februarie (nee George) by **063-490-8817** of Michele Kaalmeyer (nee Rooi) by **084-082-1377** of Eugene Beukes by **073-642-7126**.

BELMONT Spar Op-die-Berg bied elke laaste naweek van die maand, 'n *Garage Sale*, aan. Die eerste een word einde November aangebied en 'n stalletjiespasie kos R20. Vir meer navrae hieroor, skakel Anthea by **(023) 317-0605** of Vasco by **083-701-0629**.

VANAF 8 tot 10 Desember word die jaarlikse Witzenberg Kersmark in Voortrekkerstraat by die parkeerterrein voor Ackermans aangebied. Die stalletjievorms is beskikbaar by die Ceres toerismekantoor. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **24 November**. Daar gaan op **29 November** om 10:00 by die Ceres stadsaal 'n inligtingsessie gehou word om die reëls en regulasies te bespreek.

CEDER (Council for enterprise development and economic reform) bied 'n pretloop aan op **Saterdag 25 November**. Inskrywings beloop R50 vir volwassenes en R20 per kind. Die pretloop begin en eindig by Ceres Sekondêr. Registrasie vind plaas om 09:00 en wegspring om 10:00. Vir navrae skakel Chris **071-278-0544** of Arnold **071-051-9340** of Suzette by **060-937-3749.**

DIE Kluitjeskraal gemeenskapsbemagtigingstrust van Wolseley nooi alle oudsoldate (SANW, SAKK, MK en APLA) asook die naasbestaandes van afgestorwe soldate na 'n inligtingsessie op **11 November** om 08:00 in die Pine Valley gemeenskapsaal op Wolseley. Op die dag word Wêreld militere veteranedag gevier. Die doel van die geleentheid is om korrekte inligting oor te dra oor die voordele wat aan militêre veterane en hul afhanklike naasbestaandes beskikbaar is ingevolge Wet 18 van 2011. Sprekers is onder andere kolonel Sindi Mbobo, Wes-Kaapse hoof van die department van militêre veterane.

CERES Besigheidsinisiatief (CBI) hou op **16 November** om 11:30 hul laaste ledevergadering vir 2017 by die Waverley Hills restaurant. Die gasspreker is Roelf Meyer, Direkteur van In Transformation Initiative en sleutelfiguur tydens die land se transformasie onderhandelings gedurende die middel 1990's. Liberty Groep is die trotse borg van die vergadering. Kaartjies kos R100 p.p. en is betaalbaar by registrasie. Vir navrae skakel Neil Bettesworth by manager@cerescbi.co.za

HENRY Leclue Arendse soek na sy tannie, Mearl, wat moontlik in die Ceres-omgewing woon. Haar ouers se name was Elizabeth en Micky Del Carme van Houtbaai en sy is die suster van Henry Arendse (Gollie). Indien iemand meer weet van haar, kan hulle **(021) 507-6170** skakel.

WOLSELEY Vryburgers bied **Saterdag 25 November** 'n lekker familiedag aan op Laerskool Wolseley se sportvelde. Daar sal stalletjies wees, trekkerritte, springkasteel, lekker kos, musiek en rugby op die groot skerm. 'n Ses-aan-'n-kant kriekettoernooi sal ook plaasvind.

BELLA Vista primêr het op 25 Oktober hul jaarlikse prysuitdeling aangebied. Die leerders is aangewys as toppresteerders in hul onderskeie grade. VLNR: Jade Lintnaar (graad 4), Corné Sass (graad 5), Chrizandre Skippers (graad 6) en Garren Salmon (graad 7).

AGTERFONTEIN TRUST **ENVIROAFRICA CC**

NEMA EIA, PUBLIC PARTICIPATION PROCESS

AGTERFONTEIN TRUST: PROPOSED ENLARGEMENT OF DRIEFONTEIN DAM

(Portion 33 of the Farm Rietvalley No. 363, Ceres)

Notice is hereby given of a public participation process in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act 107 of 1998) ("NEMA") and the EIA Regulations (2014) as amended, as well as the National Water Act, 1998 (Act 36 of 1998) ("NWA"); for the application for environmental authorisation (EIA) and a water use licence (WULA) to undertake the following:

Relevant notice(s):	Activity no. (s)	Description
GN. R 327 (2014) Listing Notice 1	19	The moving of more than 10m³ of material within a watercourse.
	27	The clearance of an area of 1ha or more, but less than 20ha of indigenous vegetation.
	66	The expansion of a dam where (i) the highest part of the dam wall, measured from the outside toe of the wall to the highest part of the wall, was originally 5 metres or higher and where the height of the wall is increased by 2,5 metres or more.
GN. R 324 (2014) Listing Notice 3	12	Clearance of more than 300m² within a critical biodiversity area.

Please note that should additional listed activities be identified during the application process they will be communicated to registered I&AP's.

EnviroAfrica cc has been appointed by Agterfontein Trust, to undertake the Environmental Impact Assessment for the proposed project. A notice of intent to develop was submitted to the Department of Environmental Affairs & Development Planning (DEA&DP).

Project Description & Location (33° 21' 10.4"S, 19° 24' 14"E): It is proposed that the existing Driefontein dam be enlarged as the existing dam does not provide enough storage capacity of the farm for winter listed water. The proposed enlargement of the dam would allow for the storage of summer irrigation water, providing a more efficient use of an already existing water use. With the enlargement of the dam, the dam will have the capacity to store an additional 80 000m³ water per year. The dam wall will be a maximum of 8,4m with a total surface area of approximately 13ha.

Description of alternatives: Alternative includes layout options and the option of not proceeding with the proposed development (the No-Go option) will be discussed in the application process.

Public participation: Interested and Affected Parties (I&APs) are hereby notified of the application and invited to register (in writing) and/or provide initial comments and identify any issues, concerns or opportunities relating to this project to the contact details provided below, **on or before 14 December 2017**

In order to register or submit a comment, I&APs should refer to the project name, and provide their name, address & contact details *(indicating your preferred method of notification)* and an indication of any direct business, financial, personal, or other interest which they have in the application. Please note that future correspondence will only be sent to registered Interested and Affected Parties.

For more information - Consultant:
EnviroAfrica (Driefontein Dam); P.O. Box 5367, HELDERBERG, 7135
Fax: 086-512-0154 / Tel: (021) 851-1616 / E-mail: admin@enviroafrica.co.za

AGTERFONTEIN TRUST: PROPOSED ENLARGEMENT OF DRIEFONTEIN DAM ON PORTION 33 OF THE FARM RIETVALLEY 364, CERES



SITE CO-ORDINATES

33° 21' 10.4"S
19° 24' 14"E

N

OCTOBER 2017

EnviroAfrica

Trevor's Boerdery

PRODUKSIEBESTUURDER

Hierdie pos is by ons twee STEEN- en KERNVRUGTE produksie eenhede in Ceres en Wolseley ongeveer 50ha.

Vereistes: • Die suksesvolle kandidaat moet 'n energieke, selfgedrewe en toegewyde persoon wees met goeie administratiewe- en mensvaardighede • Moet onafhanklik en onder druk kan werk • 'n Formele kwalifikasie en ondervinding in die verbouing van steen- en kernvrugte is 'n vereiste • 'n Funksionele kennis van Globalgap en rekenaarvaardigheid sal guns faktore wees • Kwalifikasies en ondervinding sal die mededingendheid van die salarispakket bepaal.

Produksiebonus sal prestasie en winsgedrewe wees.

Rig CV met verwysings per e-pos voor 23 November 2017 aan: trevorsfarm@gmail.com

TYDENS Bella Vista primêr se jaarlikse prysuitdeling is Patwin van der Merwe (bo), as sportseun van die jaar aangewys en Chantelle Galant (onder) as sportmeisie van die jaar.

CERES FRUIT PROCESSORS

Ceres Fruit Processors (Pty) Ltd, beskik oor tydelike vakatures in die ondergemelde poste:

LABORATORIUM ASSISTENTE

Kandidate sal oor die volgende beskik:

- Ondervinding in Laboratorium werk
- Bereid wees om skofte te werk plus 'n gesonde werksetiek
- Bereidwillig om te leer en te groei
- Rekenaarvaardigheid

ALGEMENE WERKERS

Kandidate moet oor gesonde werksetiek beskik en bereid wees om produksie werk op 'n skofbasis te verrig.

Rig u aansoek (met vermelding van die pos waarvoor u aansoek doen) aan:
Die Bestuurder: Mense- en Prestasiestelsels
Ceres Fruit Processors (Pty) Ltd
Posbus 366, CERES, 6835
Faks: (023) 312-3082
E-pos: dlintnaar@cfp.co.za

Sluitingsdatum: 24 November 2017